

*Mnr Dennis Reinecke, voormalige hoof van Truk-Opera, het reeds pligte aanvaar as besturende direkteur van die Staatsteater Pretoria*

*Mr Dennis Reinecke, new managing director of the Pretoria State Theatre*

toerusting beslis.

Die uitgrawings is teen die einde van 1969 voltooi en die stutmure in Augustus 1972. Stadigaan is hierdie groot gat in die middel van Pretoria gevul met kelderverdieping op kelderverdieping beton. Die kontrak vir die voltooiing van die hele kompleks is in Januarie 1975 aan 'n Pretoriase onderneming toegeken teen 'n tenderprys van R25 312 932 en met 'n toegestane konstruksietydperk van vyf jaar. Na die inflasie-plundering gedurende die vyf jaar word die finale koste nou op R46 553 000 beraam.

Die basiese betonstruktuur van die hele gebou behoort binnekort klaar gegiet te wees. Dan volg die afwerking en voltooiing daarvan — die 'klaarmaak'. Daar is reeds ver gevorder met die tegniese installering en met die elektriese inskakeling.

Wat kry Pretoria, Truk, Transvaal, Suid-Afrika nou juis vir hierdie R46 miljoen of meer?

In die eerste plek word die sentrum deel van die nuwe hart van die Hoofstad. Die ou Markplein met sy Volkskastoring, sy Strijdom-monument en sy Staatsteater word die oor-die-straat buurman van Verwoerdplein waar die monument van dr. Verwoerd later opgerig sal word en waar daar 'n oopte sal wees tot regoor Munitoria. (Op die plein word daar ook voorsiening gemaak vir 'n latere burgerlike sentrum en 'n nuwe stadsbiblioteek vir Pretoria; die onteiening van die huidige geboue is reeds afgehandel).

Die Staatsteater Pretoria sal twee hoofskouburge hê — een vir die aanbieding van opera, ballet, simfoniekonserte, musiekspele, populêre konserte, ens, en die ander vir toneelopvoerings en intiemer opera-, ballet- en musiekspelopvoerings en ook vir kamermusiekkonserte.

Die opera-skouburg sal 1 327 sitplekke hê, 'n prosceniumverhoog van 25,6m × 21,5m, twee syverhoë van 16m × 17,6m, 'n agterverhoog van 25,6m × 24m, 'n verhooghyser van 15m × 15m en 'n verhoogtoring van 55m hoog. Die verhooghyser is onderverdeel in vyf onafhanklike hysers van 15m × 3m elk en kan van 'n hoogte van 3m bo die verhoogslak tot 'n diepte van 10m laer as die vlak beweeg, gestel of gehou word. In die agterverhoog sal daar 'n groot draaiskyf wees wat, indien nodig, oor die verhoog self geskuif kan word. Daar sal 'n orkesbak wees wat 120 musikante kan huisves.

Die ouditorium van die opera-skouburg het drie vlakke. Op die hellende oudiotoriumvloer sal daar 754 sitplekke wees; dan kom daar 'n middelste vlak waar daar voorsiening gemaak word vir 'n eregasteloge met 107 sitplekke; derdens is daar 'n asimmetriese galery met 466 sitplekke. Die verste sitplek



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013